Gebed nr. 2: Lof

In die vorige studie is daar gekonsentreer op ***aanbidding***. Daar is egter nog vier elemente van gebed.

1. Voltooi die volgende sin: Om die Here te loof beteken dat ek _____

_____

2. Lees nou Psalm 103.

Wat begin Dawid doen nadat hy gesê het dat hy die Here wil loof? _____

_____

3. Noem vyftien dinge wat Dawid van God in Psalm 103 bekendmaak:

3.1 _____

3.2 _____

3.3 _____

3.4 _____

3.5 _____

3.6 _____

3.7 _____

3.8 _____

3.9 _____

3.10 _____

3.11 _____

3.12 _____

3.13 _____

3.14 _____

3.15 _____

4. Hoe beïndruk is jy met God dat Hy al hierdie dinge kan doen? (vgl. 1 Kron 29:10-14) _____

_____

5. Dink julle dit is moontlik om God te loof as jy Hom nie ken nie? _____
6. Hoekom is dit nie moontlik om God te loof as daar nie ’n geloofsband tussen jou en Hom bestaan nie? _____

_____

7. Voltooi nou weer die sin: Om die Here te loof beteken _____

_____

8. Hoe behoort dit wat ons van ***Lof aan God*** geleer het, ons gebedslewe te beïnvloed?

_____

_____

Aantekeninge by: Gebed nr. 2: Lof

1. Eie idees word weergegee.
2. Dawid begin praat oor God, en oor alles vir Hy vir hom gedoen het.
3. Gaan vers vir vers na en sê wat God alles doen.
4. Daar is niks in hierdie, **en** in ons toekomstige lewe, wat goed is nie, of dit kom van God. Hy is soos die Nederlandse Geloofsbelydenis in Art. 1 sê, die alleroorvloedigste Fontein van alles wat goed is. Ons is soms beïndruk met mense wat baie goed is met wat iets wat hulle doen. Dink maar aan iemand soos Olimpiese supersterre, of ons is beïndruk met iets wat iemand ontwerp het. Dan is ons nog meer beïndruk met mense wat baie dinge, baie goed kan doen. As ons egter tot die besef kom dat alles wat mense goed kan doen, net stukkies is van dit wat God alles is, en kan doen, dan vervul dit jou met verwondering oor God self.
5. Nee.
6. As daar nie ’n liefdevolle geloofsband tussen jou en God bestaan nie, gaan jy jou nie oor Hom verwonder nie, maar eerder rede soek om dit wat Hy is en doen in ’n negatiewe lig te stel. Satan sal God nooit loof nie. Net so min as wat die Boeremagte die Engelse magte sou loof na die oorlog, net so min sal ek God loof as Hy my vyand is. Dit is eers as God deur sy Gees sy besondersheid aan ons bekend gemaak het, en ons in ’n geloofsverhouding met Hom staan, dat ons Hom sal loof.
   Lof aan God gee met ander woorde uitdrukking van ons geloofsband met Hom, en daarom hoort dit in ons gebedslewe tuis.
7. Om die Here te loof beteken dat ek my oor Hom verwonder en dat ek ook vir Hom in my gebed sê hoe wonderlik Hy is.
8. Om God te loof vir Wie Hy is, het tot gevolg dat daar ’n hegter verhouding tussen my en God tot stand kom. As ons net raaksien wat God vir ons gee, dan fokus ons op die dinge wat ons ontvang. Ons kan dit vergelyk met ’n muntstuk wat aan ’n bedelaar gegee word, dit word bloot in die verbygaan ontvang. Om die bedelaar na jou huis te nooi en dit wat jy het met Hom te deel, bring egter ’n totaal en al ander verhouding tot stand.
   In Psalm 103 fokus Dawid só op God, en maak Hy Hom, in verwondering, bekend vir Wie Hy is. Om hierdie rede moet ons in ons gebede ook vir God, van Wie ons so baie ontvang, as die Bron van dit alles erken, ons oor Hom verwonder, en dit vir Hom sê.